

Sing vooraf: Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- | | |
|--|--|
| 1 "Water sal ek op hul sprinkel,
water uit 'n springfontein".
En van alle onreinighede
was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle,
en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder,
aan jul gee 'n hart van vlees. | 2 "k gee my Heil'ge Gees aan julle,
wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë
en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën
deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle,
jul 'n volk sal wees vir My." |
|--|--|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 8

- | | |
|---|---|
| 1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k sal, solank ek leef, my psalme
vroliek toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied. | 8 Dis die God der leërmagte,
troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte,
tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer,
prys sy grootheid, loof die HEER! |
|---|---|

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons bereidheid om vergewing van ons sondes met: Psalm 40:4 (p.

Wet

Psalm 40:4 (p.

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en
sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 145:1, 2, 12

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Skriflesing: Sagaria 12

Teks: Sagaria 12:10-12

Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van HadadRimmon in die laagte van Megiddo. En die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik; die geslag van die huis van Dawid afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die geslag van die huis van Natan afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; (Sagaria 12:10-12 AFR1953)

Hierdie gedeelte openbaar dat die Here beloftes gemaak het dat daar iewers in die toekoms diep innerlike seëninge oor sy uitverkorenes sou kom.

Eenvoudiger gestel openbaar hierdie profesie dat die Heilige Gees oor die kerk uitgestort sou word, en watter voordele dit vir die gelowiges inhou.

- 1. Oor wie word die Heilige Gees uitgegiet?**
- 2. Die profesie gaan ten diepste oor verandering.**
- 3. Die oorsaak van die verandering**
- 4. Die genade is ook vir my!**

1. Oor wie word die Heilige Gees uitgegiet?

Die profeet Sagaria sien in sy profesie dat die eerste persone oor wie die Heilige Gees uitgestort word, oor Dawid se huis en oor Jerusalem is. Al twee die benoemings is simbolies, want die naam Dawid simboliseer die regering in God se Naam.

- Dawid is die Godskoning vir wie die Here belowe het dat sy troon sal bestaan tot in ewigheid.
 - Intussen het die koningshuis van Dawid met die Ballingskap tot niet gegaan.
 - Die volk is op die stadium toe Sagaria hierdie dinge geprofeteer het, al 90 jaar verder. Die volk wat teruggekom het van Babel af was toe ook al 20 jaar terug in die land.
 - Die toekoms het vir hulle maar dof en moedeloos gelyk.

Dan kom hierdie openbaring om hulle weer moed te gee sodat hulle kan aangaan.

- Hulle lewe nie tevergeefs nie – oor hulle gaan die uitgiet van die Heilige Gees waar word.
- Hierdie profesie sien veral profeties die Messias wat die ewige Koning is (Koning van die Kerk) wat uit Dawid gebore word.

Daarna word die naam Jerusalem genoem.

- Jerusalem is simbool van die tempelstad: Die stad waar God se volk woon en aanbid.
- Al word net Dawid se huis en die hoofstad Jerusalem genoem, word die res van die volk nie uitgesluit nie – die gedeeltelike benoeming verteenwoordig die geheel.

Hierdie profesie lê op een lyn met Joël 2:28 waar ook geprofeteer word dat die Heilige Gees uitgestort gaan word oor die gelowiges:

En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.

(Joël 2:28 AFR1953)

2. Die profesie gaan ten diepste oor verandering.

Die profesie gaan oor innerlike vernuwing, want in die reël is mense hardvogtig en eiegeregig.

- Die Heilige Gees gaan die mense wat God ken, heeltemal verander.
- Hulle gaan van hulle verwaandheid afstand doen en hulle gaan genade soek by die Here.

Hierdie mense wat onder die leiding van die Gees kom, doen meteens twee dinge:

- Hulle ontvang genade want die Heilige Gees is 'n Gees van genade.
- En hulle smee vir genade.
- Hulle doen dit terwyl hulle opsien na “My vir wie hulle deurboor het”.

Daar is 'n wisselwerking tussen die genade van God wat ons leer ken onder die leiding van die Gees, en om te smee vir genade onder die leiding van die Gees. Om van God se genade te kan getuig, moet jy ook smee vir die genade om dit te beleef/ervaar.

Die Heilige Gees se werk in die gelowiges het dus 'n bepaalde vrug wat na vore kom.

- Eers negatief: Dit kom nie na vore in allerhande “show business” soos wat dit in ons tyd gewoonlik aan die orde kom nie.
- Dan positief: Die vrug van die Heilige Gees se werk in ons kom daarin uit dat ons ons oë ophef na Christus se kruisverdienste toe.

Die profesie is nogal baie fyn, want dit impliseer tot die plek waar die Heilige Gees uitgegiet sal word, naamlik in Jerusalem.

- Wat toe op Pinkster gebeur het, was dat die Heilige Gees uitgestort is in Jerusalem.
- Van die mense wat daarheen gestroom het en die apostels hoor preek het, het ontsettend bang geword het.
- Hulle het toe gevra wat hulle dan moet doen om gered te word.
- Petrus het toe gesê dat hulle tot bekering moet kom en hulle moet laat doop.

Petrus se preek dat hulle tot bekering moet kom, beteken niks anders nie as dat hulle die Here Jesus moet aanvaar en bely as God wat gekruisig is sodat hulle van al hulle sondes verlos kan word. Die inhoud van daardie gebeurtenis is presies dieselfde as wat in ons teksvers beskryf word:

- **en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het,**
- **en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun**
- **en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.**

Ons bely Jesus nog steeds as God se eniggebore Seun – Enigste Seun en Eersgebore Seun presies soos die Ou Testament voorspel het!

3. Die oorsaak van die verandering

Almal op wie die Gees uitgegiet word, kyk meteens op na Jesus die Gekruisigde. Die klem in hierdie profesie val baie sterk op twee dinge:

- Die eerste is wat die mense met die Messias sal doen. Hulle sal Hom kruisig.
- Die tweede is dat hulle na Jesus sal opsien omdat hulle sal verstaan dat die dood en opstanding van die Here juis die verlossing bewerk.
- Die gebeure gee aanleiding tot die uitstorting van die Heilige Gees waarvan die Ou Testament al praat.

Die Bybel praat 'n paar keer daarvan dat daar opgesien sal word na die Here Jesus Christus.

- In die Ou Testament kan ons dink aan Jesaja 17:7

In dié dag sal die mens kyk na sy Maker, en sy oë sal sien op die Heilige van Israel;
(Jesaja 17:7 AFR1953)

- Die Maker of Skepper van wie die Bybel hier praat, is ons Here Jesus.
- Ons weet dit omdat daar in Johannes 1 geskryf staan dat alles deur Jesus Christus tot stand gekom het en dat daar niks is wat bestaan wat Hy nie geskep het nie.
- Die apostel Johannes verwys ook daarna dat die Bybel op 'n ander plek leer dat ook die wat die Here gekruisig het Hom weer sal sien:

En weer sê 'n ander Skrif: Hulle sal sien in wie hulle gestee het.
(Johannes 19:37 AFR1953)

Die apostel Johannes herhaal dit ook weer in die boek Openbaring:

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurstee het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! (Openbaring 1:7 AFR1953)

Die aand voor die Here gekruisig is, het Hy ook gebid en in sy gebed gesê dat ons almal vir wie Hy sterf, Hom in sy heerlikheid sal sien:

Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.

(Johannes 17:24 AFR1953)

Die heerlikheid en die verlossing van God is deel van die koningskap van God – daarvan is die koningshuis van Dawid simbolies. Dit kom uit die priesterlike genade van God na ons toe: Daarvan is Levi die simbool.

4. Die genade is ook vir my!

Die genade word nog helderder: Almal treur oor hulle sondes en almal ontvang *persoonlik* vergifnis van sondes en ongeregtigheid.

- In Dawid se lysie staan daar dat die vrouens persoonlik betrek word by God se genade.
- En Natan.
 - Natan is Salomo se ouer broer. Ons weet dit uit 'n paar plekke in die Bybel, byvoorbeeld 1 Kronieke 3:5:

En die volgende is vir hom in Jerusalem gebore: Símea en Sobab en Natan en Sálomo, vier by BatSua, die dogter van Ammiël. (AFR1953) *Vergelyk ook 1 Kronieke 14:4: En dit is die name van die kinders wat hy in Jerusalem gehad het: Sámmua en Sobab, Natan en Salomo (AFR1953)*

Die evangelie volgens Lukas beweer dat die geslagslyn van Jesus deur hierdie Natan gaan en nie deur Salomo nie:

. . . die seun van Meléas, die seun van Mainan, die seun van Máttata, die seun van Natan, die seun van Dawid, (Lukas 3:31 AFR1953)

Mens lees nooit iets van Natan nie. Hy was blykbaar 'n vaal mens wat nêrens iets baie kragdadigs gedoen het sodat die Bybel spesiaal na hom verwys nie.

- Maar die belangrike is dat die uitgieting van die Heilige Gees ook hierdie Natan tref en ook Hom tot bekering laat kom.
- So groot is Jesus se genade in die werkinge van die Heilige Gees – selfs die geringes kom tot bekering en word gered.

Die Bybel openbaar dat dit ook die geval is met Levi se huis.

- Die Here meld dat ook Simeï tot bekering kom en gered word.

- Weer 'n keer laat die Bybel die groot name weg. Dit is nie Aäron se naam wat daar staan nie. Nee, Levi se kleinseun Simeï word gered.

Dit is die genade: Die Heilige Gees soek nie noodwendig rykes en hooggeplaastes nie. Hy soek almal wat gered moet word:

- Die wat hoog in stand is, bv. koning Dawid.
- Maar Hy soek ook die onbekendes en die wat baie gering lewe: Natan en Simeï.

Hierdie profesie sny natuurlik deur die tyd tot in die ewigheid in. Daarom is daar die profesie dat die groot trane sal vloei soos wat die rou en hartseer was van Hadad Rimmon in die laagte van Megiddo.

- Hadad en Rimmon is twee name vir dieselfde afgod – dit was die afgod wat deur die Siriërs/Arameërs aanbid was.
- Die simbool van die dubbele afgodsnaam is net om te sê dat die wat daardie dag op die dag van die Gees nie die Here gedien het nie, tevergeefs sal huil – hulle gaan dan verlore.
- Die Naam Megiddo verwys na al die veldslae wat die Godsvolk al deurgemaak het en na al die trane wat daar gevloei het.
 - Ons kry die naam nog weer in Openbaring 16:16. Die laaste groot veldslag is by Armageddon.
 - Dit is dieselfde plek waarna Sagaria in sy profesie verwys.

Tog is dit 'n plek van kontras:

- Die volke en heidene sal daar huil omdat hulle verlore gaan,
- maar die kerkvolk huil omdat hulle hulle sondes besef en gered word.

Waar staan ons nou? Ons is nie meer by die begin van die profesie nie. Sekere dele daarvan is al vervul.

- Die Heilige Gees is al klaar uitgestort.
- Ons Here Jesus het al klaar sy verlossingswerk op die aarde kom afrond.
- Ons verwag nog net die wederkoms die eindoordeel.

Die genade van hierdie teks is dat ons met troos en blydschap daardie dag kan inwag as ons eers op die punt gekom het waar die Heilige Gees ons oortuig het van ons sondes.

- Die punt is dat ons van alle verwaandheid moet afsien.
- Ons moet persoonlik met God lewe en die ruimte wat sy genade vir ons gee benut sodat ons verander kan word.
 - Die verandering moet wees dat ons opsien na die Here Jesus die Gekruisigde.
 - In ons tyd is dit juis die probleem dat mense Jesus as God wil aanvaar, maar die kruisiging en dit as 'n manier van sondevergifnis verwerp.

Aanvaar dit wat vir ons onlogies lyk as 'n magsdaad van God, en laat die Heilige Gees elkeen van ons altyddeur tot geloof en bekering lei.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-4: 1, 2, 3 (33:1, 2, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.

Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare^omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde^is ongeregtigheid!
Maar ons lewe^uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 2 September 2007 (oggend)